

Oordenking
11 Januarie 2017.

Nederigheid, 'n gawe wat lei tot redding en getroue diens.

Nederigheid is 'n gawe van God. Dit is die houding waarmee mans, vroue en kinders in geloof na die enigste ware God toe draai vir redding en hulp. Dis net deur nederigheid waarmee Christus meer en ons minder word in ons lewens.

Niemand kan ook iemand anders help, of effektief by die werk van die Here in die Kerk betrokke wees, as jy dit nie in nederigheid doen en ander wat jou hulp en bediening nodig het, hoër ag as jouself nie.

Christene stel die belange van mede-gelowiges bo hulle eie.

En dit is die wonderlike paradoks van die Christelike geloof: As ek aan myself sterf, begin ek lewe; as ek my lewe vir die Here aflê, dan vind ek dit en as ek die verlange na 'n goddelose lewe afsterf, word ek ten volle vervul.

Die resultaat van nederigheid is 'n lewensreis gevul met wonderlike seëninge!

Paulus sê dit so in Filippense 2: 9 - 11: *Daarom het God Hom (Jesus) ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader.*

As ons eers werklik oorgegee het aan God, sal ons gewillig wees om ons lewens te gee vir werk van Christus en so vervulling in God se wil vir ons te vind.

As ons aan Hom oorgee sal nederigheid, bereidheid vir die Evangelie en getrouheid aan sy werk die natuurlike resultaat van die werk van die Heilige Gees in ons wees.

Dit sal die vrug wees van 'n lewe aan Christus toegewy.